Hillcrest High School
Please do not remove from library

**HIILCREST HIGH SCHOOL**
**AFRIKAANSE EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**VRAESTEL 3**

**Graad 11** | **Tyd: 2 Uur**
**Mei 2010** | **Punte: 100**

**Instruksies:**

- **Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings. Volg die instruksies by elke afdeling gegee baie noukeurig uit.**
- **Daar moet BEPLANNING by elke opdrag wat jy uitvoer, wees.**
- **Skryf die naam van jou AFRIKAANSE ONDERWYSERES bo-aan die jou antwoordstel neer.**

## AFDELING A: Opstel

**Vraag 1:**

**Kies EEN van die onderstaande onderwerpe en skryf 200-250 woorde daaroor.**

1.1 Daar is slegs een gebrek (handicap) in die lewe en dit is 'n slegte houding.(bad attitude).

Skryf sinvol oor hierdie stelling. (50)

OF

1.2 'n Tiener se stres.

Wat veroorsaak stres in jou eie lewe? Hoe hanteer jy dit? Is jou stres tipies van alle tieners? Vertel. (50)

OF

1.3 Moenie drink en bestuur nie.

Drink en bestuur is gevaarlik en onwettig.
Vertel van die gevare en gevolge van dronkbestuur. Gee goeie wenke oor hoe om veilig by die huis te kom.


OF

1.4 Die dag toe ek 'n ooggetuie (eye witness) was van 'n moord.
Vertel die verhaal

OF

1. 5 Kies een van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor.
Nommer jou prent en gee jou opstel 'n TITEL.

1



of

2



**Vraag 2**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK

**Kies een van die volgende onderwerpe en skryf 120-150 woorde daaroor.**

**DIALOOG: Kies EEN van die onderstaande DIALOë en skryf daaroor.**

2.1 Jy en jou maat wil gaan fliek. Julle stem nie saam oor watter een julle wil sien nie en stry nou daaroor.
Skryf die gesprek tussen julle neer. (30)

**OF**

2.2 Jy wil die naweek saam met jou vriende gaan kampeer. Jou ma wil nie hê jy moet gaan nie. Jy probeer haar oorreed.
Skryf die gesprek tussen jou en jou ma neer. (30)

**OF**

2.3 Voer 'n onderhoud met enige belangrike persoon / politikus / filmster / of Mej. SA.
Skryf jou vrae aan die persoon en ook die antwoorde van die persoon neer. (30)

## AFDELING C : KORT TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK

**Vraag 3 : Poskaarte**

Kies een van die volgende onderwerpe en skryf 'n POSKAART van 80-100 woorde daaroor.

3.1 Jy is op vakansie in die Maldives / Italië / Hong Kong of enige ander oorsese plek.
Skryf nou 'n poskaart aan jou ouers waarin jy hulle kortliks van jou vakansie vertel. (20)

OF

3.2 Jy het by jou vriend op hulle plaas gekuier.
Skryf nou 'n poskaart waarom jy hom/haar bedank vir die genotvolle ervaring. (20)

**TOTAAL: 100**